
2006 - 2026 MIDSTREAM COLLEGE EXCELLENTIA 20

LMCP — LAERSKOOL MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY

# Nuusbrief 10 — 25 Junie 2026

## SPORTUITSLAE

Druk op die skakel vir die sportuitslae



## UIT DIE KANTOOR

Met die einde van 'n besige en suksesvolle kwartaal wens ons al ons leerders, ouers en personeel 'n welverdiende, rustige en geseënde vakansie toe. Mag hierdie tyd vir elke gesin 'n geleentheid wees om te rus, kwaliteittyd saam deur te bring en nuwe energie op te bou vir die kwartaal wat voorlê.

Aan al ons leerders en personeel wat gedurende die vakansie aan sporttoere, wedstryde en klinieke gaan deelneem, wens ons baie sterkte en voorspoed toe. Mag dit vir julle 'n waardevolle ervaring wees waarin julle nuwe vaardighede ontwikkel, goeie herinneringe skep en ons skool met trots verteenwoordig.

Ons bid dat elkeen veilig sal reis, beskerm sal word en ná die vakansie verfris, uitgerus en veilig na ons skool sal terugkeer. Geniet die vakansie en ons sien daarna uit om julle weer volgende kwartaal te verwelkom.

## SKOOL SLUIT

Die skool sluit Vrydag 26 Junie om 10:00. Leerders word versoek om skool by te woon met hul skoolsweetpak. Ons het weer ons gewilde "Rekkie Run" voordat die skool om 10:00 sluit. Onthou jou hoed, water en piekniekmandjie.

## OUERMIDDAG: 22 JULIE

Die ouermiddag sal slegs per uitnodiging wees. Onderwysers sal die betrokke ouers kontak om die middag by te woon indien hulle dit nodig ag.

Indien enige ouer 'n onderwyser wil spreek, kontak asseblief die betrokke onderwyser per e-pos.

## OUERFORUM: 22 JULIE

Ons ouertoespraak vind op 22 Julie plaas. Ons sien daarna uit om opvoeder, ouerafrigter, skrywer en spreker, mnr. Trevor Farley, by ons te verwelkom.

Sy aanbieding se tema is:
**Intentional, Not Exhausted: Practical Steps to Raise Resilient Kids (and Keep Your Sanity)**

Trevor Farley is reeds meer as 35 jaar toegewy aan die ondersteuning van gesinne om diep verbintenisse, selfvertroue en vreugde te bevorder. Sy benadering kombineer opregte empatie met praktiese, toepasbare strategieë en is gegrond op die oortuiging dat goeie ouerskap nie oor perfeksie gaan nie, maar oor die bou van betekenisvolle verhoudings.

**Datum:** 22 Julie
**Tyd:** 18:00 vir 18:30
**Plek:** LMCP Ouditorium

Al ons ouers is welkom.
Ongelukkig kan ons nie kinders by hierdie geleentheid akkommodeer nie.

## MET INNIGE SIMPATIE

Ons Midstream-skoolgemeenskap is diep getref deur die onlangse afsterwe van Cassidy Naicker, ‘n graad 11-leerder van Midstream College en Nico Nieuwenhuis, ‘n pappa van ons skool.

Ons diepste simpatie gaan aan Cassidy se boetie Jayden in graad 7 hier by ons, haar ouers en familie, asook die onderwysers, haar vriende en al die mense wie se lewens sy so mildelik verryk het met haar mooi geaardheid en vriendelike hart.

Ons treur ook die afsterwe van Nico, ‘n pappa wat al vir baie jare deel van ons Midstream-familie is. Sy betrokkenheid, omgee en onvoorwaardelike liefde vir sy gesin het 'n blywende indruk op almal gemaak wat hom geken het. Ons gedagtes is veral by sy vrou, Lizemari en hul drie dogters Lucka, Milka en Joah in hierdie moeilike tyd.

Hierdie verliese het ons gemeenskap diep geraak en ons betuig ons innige meegevoel aan die betrokke families. Mag hulle vertroosting, krag en vrede vind in die liefde en ondersteuning van die mense om hulle en in God se genade.

*"Diegene wat ons liefhet, verlaat ons nooit werklik nie; hulle stap elke dag langs ons voort in ons herinneringe."*

## AKADEMIESE VERANDERINGE IN DIE INTERSEN FASE

Ons wens mnr. Marthinus Muller geluk met sy aanstelling as Hoof van Tegnologie en met sy skuif na die Tegnologie- en Wetenskapdepartement vanaf die begin van volgende kwartaal.

Mnr. Jaco Krüger sal vanaf die Geskiedenisdepartement na die Wiskundedepartement verskuif om mnr. Muller se plek in te neem.
Ons verwelkom mnr. J.D. Makkink, wat volgende kwartaal by LMCP en die Geskiedenisdepartement aansluit.

Ons vertrou dat LMCP by hierdie veranderinge sal baatvind en dat dit ook tot voordeel van ons leerders sal wees.

## INDIVIDUELE FOTOBESTELLINGS

Die individuele foto's is nou beskikbaar vir bestelling. Die inligting met kodes is via 'n kennisgewing (notification) op die Ed-Admin toep gestuur.

## RAPPORTE

Rapporte sal op Vrydag 26 Junie vanaf 12:00 op die Ed-Admin toep gepubliseer word.

## UNIFORMWINKEL

**JUNIE TOT JULIE 2026 – VAKANSIEHANDELSURE**

| | |
|---|---|
| 15 Junie & 16 Junie | Gesluit |
| 26 Junie | 07:00 – 15:00 |
| 27 Junie – 15 Julie | Gesluit |
| 16 – 17 Julie | 08:00 – 16:00 |
| 20 Julie | 08:00 – 17:00 |
| 21 Julie | Terug na normale handelsure |
| Vir dringende versoeke, WhatsApp of skakel 064 937 0551 of 065 073 8027. | |

## DANKIE VIR 'N ONVERGEETLIKE INTERSKOLE

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek aan al die ouers, leerders en ondersteuners wat ons Interskole bygewoon en ondersteun het. Julle entoesiasme, betrokkenheid en positiewe gesindheid het bygedra tot 'n besonder suksesvolle week.

Die gees wat deurentyd geheers het, was eenvoudig ongelooflik. Van die pawiljoene tot langs die bane was daar trots, ondersteuning en sportmanskap wat ons skool se waardes weerspieël het. Dit was wonderlik om die opwindende netbal- en rugbywedstryde te beleef, asook die skaak- en tenniswedstryde waar deelnemers hul vaardighede en deursettingsvermoë ten toon gestel het.

Benewens die sportprestasies, was dit besonders om te sien hoe goeie verhoudinge tussen leerders, ouers en skole gesmee en versterk is. Die Interskole het weereens bewys hoe sport mense bymekaar bring en 'n gevoel van eenheid skep.

Baie dankie aan elkeen wat deel was van hierdie spesiale geleentheid. Dit was inspirerend om te sien hoe ons gemeenskap saamkom, mekaar ondersteun en herinneringe skep wat nog lank gekoester sal word. Ons waardeer julle betrokkenheid en sien reeds uit na die volgende Interskole!

## MIDSTREAM METODISTE KERK




## PONIEKAMP

Die Poniekamp is geskik vir beginners, asook gevorderde ruiters.
Kontakbesonderhede: 082 414 7378 of 082 573 4797 of equineiq@mweb.co.za
Klik asseblief op die skakel vir meer inligting.



## ACT STUDIOS




## TUCK IN



# SPRINGFEST

SpringFest 2026! Kaartjieverkope open op 26 Junie.
Kaartjies beskikbaar – HOWLER
Vir meer inligting, besoek www.springfest.co.za.

